Hierby word ooreenkomstig die bepalings van artikel 57(1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, bekend gemaak dat die Stadsraad van Sandton goedgekeur het dat die Sandton Dorpsaanlegskema, 1980 gewysig word deur die hersonering van Gedeeltes 9, 10, 11, 12, 13, 14, 19, en 20 van Gekonsolideerde Erf 252 Edenburg Dorpsgebied van "Residensiële 3" in Hoogte Zone 4 na "Spesiaal" onderworpe aan sekere voorwaardes.

Afskrifte van Kaart No 3 en die skemaklousules van die wysigingskema word in bewaring

gehou deur die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Pretoria, en by die kantoor van die Waarnemende Direkteur: Stadsbeplanning, Burgersentrum, Weststraat, Sandown, Sandton, en is beskikbaar vir inspeksie op alle redelike tye.

Hierdie wysiging staan bekend as Sandton-wysigingskema 1110 en tree in werking op datum van publikasie hiervan.

SE MOSTERT
Stadsklerk

26 Oktober 1988
Kennisgewing No 153/1988

SANDTON AMENDMENT SCHEME 1110

It is hereby notified in terms of section 57(1) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986, that the Town Council of Sandton approved the amendment of the Sandton Town-planning Scheme, 1980, by rezoning Portions 9, 10, 12, 13, 14, 19 and 20 of Consolidated Erf 252 Edenburg from "Residential 3" in Height Zone 4, to "Special", subject to certain conditions.

Copies of Map No 3 and the scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Director of Local Government, Pretoria, and at the office of the Acting Director: Town-planning, Civic Centre, West Street, Sandown, Sandton, and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Sandton Amendment Scheme 1110 and it shall come into operation on the date of publication hereof.

SE MOSTERT
Town Clerk

26 October 1988
Notice No 153/1988

2553—26

SANDTON-WYSIGINGSKEMA 1190

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van artikel 57(1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, bekend gemaak dat die Stadsraad van Sandton goedgekeur het dat die Sandton Dorpsaanlegskema, 1980 gewysig word deur die herosenering van die Restant van Erf 13, Wierda Valley Dorpsgebied, van "Een woonhuis per 4 000 m²" na "Een woonhuis per 2 000 m²".

Afskrifte van Kaart No 3 en die skemaklousules van die wysigingskema word in bewaring gehou deur die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Pretoria, en by die kantoor van die Waarnemende Direkteur: Stadsbeplanning, Burgersentrum, Weststraat, Sandown, Sandton, en is beskikbaar vir inspeksie op alle redelike tye.

Hierdie wysiging staan bekend as Sandton-wysigingskema 1190 en tree in werking op datum van publikasie hiervan.

SE MOSTERT
Stadsklerk

26 Oktober 1988
Kennisgewing No 154/1988

SANDTON AMENDMENT SCHEME 1190

It is hereby notified in terms of section 57(1) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986, that the Town Council of Sandton approved the amendment of the Sandton Town-planning Scheme, 1980, by rezoning the Remaining Extent of Erf 13 Wierda Valley Township from "One dwelling-unit per 4 000 m²" to "One dwelling per 2 000 m²".

Copies of Map No 3 and the scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Director of Local Government, Pretoria, and at the

office of the Acting Director: Town-planning, Civic Centre, West Street, Sandown, Sandton, and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Sandton Amendment Scheme 1190 and it shall come into operation on the date of publication hereof.

SE MOSTERT
Town Clerk

26 October 1988
Notice No 154/1988

2554—26

SANDTON-WYSIGINGSKEMA 1156

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van artikel 57(1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, bekend gemaak dat die Stadsraad van Sandton goedgekeur het dat die Sandton dorpsaanlegskema, 1980 gewysig word deur die herosenering van 'n gedeelte nie groter as 2880m² aan die westelike kant van Gedeelte 2 van Lot 29 Edenburg van "Residensiële 1" na "Besigheid 4" onderworpe aan sekere voorwaardes.

Afskrifte van Kaart No 3 en die skemaklousules van die wysigingskema word in bewaring gehou deur die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Pretoria, en by die kantoor van die Waarnemende Direkteur: Stadsbeplanning, Burgersentrum, Weststraat, Sandown, Sandton, en is beskikbaar vir inspeksie op alle redelike tye.

Hierdie wysiging staan bekend as Sandton-wysigingskema 1156 en tree in werking op datum van publikasie hiervan.

SE MOSTERT
Stadsklerk

26 Oktober 1988
Kennisgewing No 155/1988

SANDTON AMENDMENT SCHEME 1156

It is hereby notified in terms of section 57(1) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986, that the Town Council of Sandton approved the amendment of the Sandton Town-planning Scheme, 1980, by rezoning a portion not exceeding 2880m² in extent of the western part of Portion 2 of Lot 29 Edenburg, from "Residential 1" to "Business 4".

Copies of map No 3 and the scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Director of Local Government, Pretoria, and at the office of the Acting Director: Town-planning, Civic Centre, West Street, Sandown, Sandton, and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Sandton Amendment Scheme 1156 and it shall come into operation on the date of publication hereof.

SE MOSTERT
Town Clerk

26 October 1988
Notice No 155/1988

2555—26

STADSRAAD VAN SCHWEIZER-RENEKE

VASSTELLING VAN GELDE VIR SANITEITSDIENSTE

Ingevolge die bepalings van artikel 80B(8) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, word hierby bekend gemaak dat die Stadsraad van Schweizer-Reneke by Spesiale Besluit die Vastelling van Gelde vir Saniteitsdienste afgekondig by Munisipale Kennisgewing No 17/1987 in Offisiële Koerant 4525 van 23 September

1987, ingetrek het en met ingang van 1 Julie 1988 die gelde soos in die onderstaande Bylae uiteengesit, vasgestel het:

"BYLAE

TARIEF VAN GELDE VIR SANITEITSDIENSTE

1. Verwydering van as en droëvullis, per blik, per maand of gedeelte daarvan:

(1) Verwydering een keer per week: R4,95

(2) Verwydering twee keer per week: R8,40

(3) Verwydering drie keer per week: R12,00

(4) Verwydering sonder plastieksakke: Plus 50 % van die toepaslike tarief hierbo.

2. Verwydering van tuinvullis.

Per 2 m³ of gedeelte daarvan vooruitbetaalbaar: R7,20.

3. Verwydering van karkasse.

Vir die verwydering van enige karkas, per uur of gedeelte daarvan: R21,60."

N T P VAN ZYL
Stadsklerk

Munisipale Kantore
Schweizer-Reneke
26 Oktober 1988
Kennisgewing No 17/1987

TOWN COUNCIL OF SCHWEIZER-RENEKE

DETERMINATION OF CHARGES FOR THE TARIFF OF SANITARY SERVICES

In terms of the provisions of section 80B(8) of the Local Government Ordinance, 1939, it is hereby notified that the Town Council of Schweizer-Reneke has by Special Resolution withdrawn the Determination of Charges for Sanitary Services, published under Municipal Notice No 17/1987 in Provincial Gazette 4525 dated 23 September 1987, and determined the charges as set out in the Schedule below with effect from 1 July 1988.

"SCHEDULE

TARIFF OF CHARGES FOR SANITARY SERVICES

1. Removal of ash and dry refuse, per bin, per month or part thereof:

(1) Removal once per week: R4,95

(2) Removal twice per week: R8,40

(3) Removal three times per week: R12,00

(4) Removal without plastic bags: Plus 50 % of the applicable tariff above.

2. Removal of garden refuse.

Per 2 m³ or part thereof, payable in advance: R7,20.

3. Removal of carcasses.

For the removal of any carcass, per hour or part thereof: R21,60."

N T P VAN ZYL
Town Clerk

Municipal Offices
Schweizer-Reneke
26 October 1988
Notice No 17/1988

2556—26

STADSRAAD VAN SCHWEIZER-RENEKE

VASSTELLING VAN GELDE VIR ABATTOIRGELDE

Ingevolge die bepalings van artikel 80B(8) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, word hierby bekend gemaak dat die Stadsraad van Schweizer-Reneke by Spesiale Besluit die vasstelling vir abattoirgelde afgekondig by Munisipale Kennisgewing No 19/1987 in Offisiële Koerant 4524 van 16 September 1987 ingetrek het en met ingang van 1 Julie 1988 die gelde soos in die onderstaande Bylae uiteengesit, vasgestel het:

"BYLAE

ABATTOIRGELDE

	Slaghuis	Privaat persone
Beeste	R26,00	R32,20
Kalf	R11,60	R14,35
Skaap/bok	R3,30	R4,65
Vark	R13,00	R16,10
Speenvark	R4,40	R5,30

N T P VAN ZYL
Stadsklerk

Munisipale Kantore
Schweizer-Reneke
26 Oktober 1988
Kennisgewing No 21/1987

TOWN COUNCIL OF SCHWEIZER-RENEKE

DETERMINATION OF CHARGES FOR TARIFF OF SANITARY SERVICES

In terms of the provisions of section 80B(8) of the Local Government Ordinance, 1939, it is hereby notified that the Town Council of Schweizer-Reneke has by Special Resolution withdrawn the determination of charges for Abattoir Tariffs published under Municipal Notice No 19/1987 in Provincial Gazette 4524 dated 16 September 1987, and determined the charges as set out in the Schedule below with effect from 1 July 1988.

"SCHEDULE

ABATTOIR TARIFFS

	Butcher-ries	Private Persons
Cattle	R26,00	R32,20
Calf	R11,60	R14,35
Sheep/goat	R3,30	R4,65
Pig	R13,00	R16,10
Piglets	R4,40	R5,30

N T P VAN ZYL
Town Clerk

Municipal Offices
Schweizer-Reneke
26 October 1988
Notice No 21/1988

2557—26

STADSRAAD VAN SPRINGS

KENNISGEWING VAN WYSIGINGSKEMA: SPRINGS-WYSIGINGSKEMA 1/438

Die Stadsraad van Springs gee hiermee ingevolge artikel 57(1)(a) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986), kennis dat 'n ontwerp dorpsbeplan-

ningskema bekend te staan as Springs-wysigingskema No 1/438 deur hom goedgekeur is.

Hierdie skema is 'n wysigingskema en bevat die volgende wysiging:

Die hersonering van Erf 566 en gedeelte van die Restant van Erf 565, Dersley vanaf "Spesiaal" tot "Spesiaal vir kommersiële doeleindes".

Die wysigingskema lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Stadsekretaris, Burgersentrum, Suid-hoofrifweg, Springs (Kamer 202) en die Kantoor van die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Pretoria.

H A DU PLESSIS
Stadsklerk

Burgersentrum
Springs
26 Oktober 1988
Kennisgewing No 121/1988

TOWN COUNCIL OF SPRINGS

NOTICE OF AMENDMENT SCHEME: SPRINGS AMENDMENT SCHEME 1/438

The Town Council of Springs hereby gives notice in terms of section 57(1)(a) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance 15 of 1986), that a draft town-planning scheme to be known as Springs Amendment Scheme 1/438 has been approved by it.

This scheme is an amendment scheme and contains the following amendment:

The rezoning of Erf 566 and the Remaining Extent of Erf 565, Dersley, from "Special" to "Special for commercial purposes".

The amendment scheme will lie for inspection during normal office hours at the office of the Town Secretary, Civic Centre, South Main Reef Road, Springs (Room 202) and the office of the Director of Local Government, Pretoria.

H A DU PLESSIS
Town Clerk

Civic Centre
Springs
26 October 1988
Notice No 121/1988

2558—26

STADSRAAD VAN SPRINGS

KENNISGEWING VAN WYSIGINGSKEMA: SPRINGS-WYSIGINGSKEMA 1/432

Die Stadsraad van Springs gee hiermee ingevolge artikel 57(1)(a) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986), kennis dat 'n ontwerp dorpsbeplanningkema bekend te staan as Springs-wysigingskema No 1/432 deur hom goedgekeur is.

Hierdie skema is 'n wysigingskema en bevat die volgende wysiging:

Die hersonering van Erf 80, Bakerton-uitbreiding 1 vanaf "Spesiaal Woon" met 'n digtheid van "Een woonhuis per erf" na "Spesiaal Woon" met 'n digtheid van "Een woonhuis per erf" ten einde dekking te verhoog vanaf 40 % na 60 %.

Die wysigingskema lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Stadsekretaris, Burgersentrum, Suid-hoofrifweg, Springs (Kamer 204) en die Kantoor van die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Pretoria.

H A DU PLESSIS
Stadsklerk

Burgersentrum
Springs
26 Oktober 1988
Kennisgewing No 119/1988

TOWN COUNCIL OF SPRINGS

NOTICE OF AMENDMENT SCHEME: SPRINGS AMENDMENT SCHEME 1/432

The Town Council of Springs hereby gives notice in terms of section 57(1)(a) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance 15 of 1986), that a draft town-planning scheme to be known as Springs Amendment Scheme 1/432 has been approved by it.

This scheme is an amendment scheme and contains the following amendment:

The rezoning of Erf 80, Bakerton Extension 1 from "Special Residential" with a density of "One dwelling per erf" to "Special Residential" with a density of "One dwelling per erf" in order to permit the coverage being increased from 40 % to 60 %.

The amendment scheme will lie for inspection during normal office hours at the office of the Town Secretary, Civic Centre, South Main Reef Road, Springs (Room 204) and the office of the Director of Local Government, Pretoria.

H A DU PLESSIS
Town Clerk

Civic Centre
Springs
26 October 1988
Notice No 119/1988

2559—26

STADSRAAD VAN VANDERBIJLPARK
VANDERBIJLPARK WYSIGINGSKEMA 51

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van artikel 57(1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, bekendgemaak dat die Stadsraad van Vanderbijlpark die wysiging van die Vanderbijlpark-dorpsbeplanningkema, 1987, deur die hersonering van Erf 116, Vanderbijlpark, South West 5 van "Residensiële 1" met digtheidsonering van "Een woonhuis per erf" tot "Residensiële 1" met digtheidsonering van "Een woonhuis per 2 000 m²", goedgekeur het.

Kaart 3 en die skemaklousules van hierdie wysigingskema word deur die Provinsiale Sekretaris, Tak Gemeenskapsdienste, Privaatsak X437, Pretoria, 0001, en die Stadsklerk van Vanderbijlpark, Posbus 3, Vanderbijlpark, 1900, in bewaring gehou en is gedurende normale kantoorure vir inspeksie beskikbaar.

Hierdie wysigingskema staan bekend as Vanderbijlpark-wysigingskema 51 en sal op 22 Desember 1988 in werking tree.

C BEUKES
Stadsklerk

Posbus 3
Vanderbijlpark
1900
26 Oktober 1988
Kennisgewing No 109/1988

TOWN COUNCIL OF VANDERBIJLPARK
VANDERBIJLPARK AMENDMENT SCHEME 51

It is hereby notified in terms of section 57(1) of the Town Planning and Townships Ordinance, 1986, that the Council has approved the amendment of Vanderbijlpark Town-planning Scheme, 1987, by the rezoning of Erf 116, Vanderbijlpark South West 5 from "Residential 1" with a density zoning of "One dwelling-house per erf" to "Residential 1" with a density zoning of "One dwelling-house per 2 000 m²".

Map 3 and the scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Provincial Sec-

retary, Branch Community Services, Private Bag X437, Pretoria, 0001, and the Town Clerk, Vanderbijlpark, P O Box 3, Vanderbijlpark, 1900, and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Vanderbijlpark Amendment Scheme 51 and will commence on 22 December 1988.

C BEUKES
Town Clerk

P O Box 3
Vanderbijlpark
1900
26 October 1988
Notice No 109/1988

2560—26

STADSRAAD VAN VANDERBIJLPARK

VANDERBIJLPARK WYSIGINGSKEMA 54

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van artikel 57(1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, bekendgemaak dat die Stadsraad van Vanderbijlpark die wysiging van die Vanderbijlpark Dorpsbeplanningskema, 1987, deur die hersonering van Erf 172, Vanderbijl Park, Central East 6, Uitbreiding 2 van "Nywerheid 3" tot "Nywerheid 3" en met die spesiale toestemming van die plaaslike bestuur mag die erf ook vir die openbare garage gebruik word, goedgekeur het.

Kaart 3 die Bylae en die skemaklousules van hierdie wysigingskema word deur die Provinsiale Sekretaris, Tak Gemeenskapsdienste, Privaatsak X437, Pretoria, 0001, en die Stadsklerk van Vanderbijlpark, Posbus 3, Vanderbijlpark, 1900, in bewaring gehou en is gedurende normale kantoorure vir inspeksie beskikbaar.

Hierdie wysigingskema staan bekend as Vanderbijlpark Wysigingskema 54 en het op 26 Oktober 1988 in werking getree.

C BEUKES
Stadsklerk

Posbus 3
Vanderbijlpark
1900
26 Oktober 1988
Kennissgewing No 110/1988

TOWN COUNCIL OF VANDERBIJLPARK

VANDERBIJLPARK AMENDMENT SCHEME 54

It is hereby notified in terms of section 57(1) of the Town Planning and Township Ordinance, 1986, that the Council has approved the amendment of Vanderbijlpark Town Planning Scheme, 1987, by the rezoning of Erf 172, Vanderbijl park, Central East 6, Extension 2, from "Industrial 3" to "Industrial 3" and with the special consent of the local authority the erf may also be used as a public garage.

Map 3, the Annexure and the scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Provincial Secretary, Branch Community Services, Private Bag X437, Pretoria, 0001, and the Town Clerk, Vanderbijlpark, P O Box 3, Vanderbijlpark, 1900, and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Vanderbijlpark Amendment Scheme 54 and has commenced on 26 October 1988.

C BEUKES
Town Clerk

P O Box 3
Vanderbijlpark
1900
26 October 1988
Notice No 110/1988

2561—26

STADSRAAD VAN VANDERBIJLPARK

VANDERBIJLPARK WYSIGINGSKEMA 65

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van artikel 57(1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, bekendgemaak dat die Stadsraad van Vanderbijlpark die wysiging van die Vanderbijlpark-dorpsbeplanningskema, 1987, deur die hersonering van Parkerf 241, Vanderbijlpark South West 5 van "Openbare Oopruimte" na "Residensieel 1" goedgekeur het.

Kaart 3 en die skemaklousules van hierdie wysigingskema word deur die Provinsiale Sekretaris, Tak Gemeenskapsdienste, Privaatsak X437, Pretoria, 0001, en die Stadsklerk van Vanderbijlpark, Posbus 3, Vanderbijlpark, 1900, in bewaring gehou en is gedurende normale kantoorure vir inspeksie beskikbaar.

Hierdie wysigingskema staan bekend as Vanderbijlpark Wysigingskema 65 en het op 26 Oktober 1988 in werking getree.

C BEUKES
Stadsklerk

Posbus 3
Vanderbijlpark
1900
26 Oktober 1988
Kennissgewing No 111/1988

TOWN COUNCIL OF VANDERBIJLPARK

VANDERBIJLPARK AMENDMENT SCHEME 65

It is hereby notified in terms of section 57(1) of the Town Planning and Townships Ordinance, 1986, that the Council has approved the amendment of Vanderbijlpark Town-planning Scheme, 1987, by the rezoning of Park Erf 241, Vanderbijl Park, South West 5 from "Public Open Space" to "Residential 1".

Map 3 and the scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Provincial Secretary, Branch Community Services, Private Bag X437, Pretoria, 0001, and the Town Clerk, Vanderbijlpark, P O Box 3, Vanderbijlpark, 1900, and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Vanderbijlpark Amendment Scheme 65 and has commenced on 26 October 1988.

C BEUKES
Town Clerk

P O Box 3
Vanderbijlpark
1900
26 October 1988
Notice No 111/1988

2562—26

STADSRAAD VAN VEREENIGING

VASSTELLING VAN GELDE INGEVOLGE DIE RIOLERINGSVERORDENINGE

Ingevolge artikel 80B(8) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, word hierby bekend gemaak dat die Stadsraad van Vereeniging by spesiale besluit gedateer 25 Augustus 1988, die tariewe ingevolge die Rioleringsverordeninge, soos in onderstaande bylae uiteengesit, met ingang 1 September 1988 vasgestel het.

BYLAE

Wegdoen en behandeling van chemiese toilet afvalwater: R2 per kl.

Munisipale Kantoor
Posbus 35
Vereeniging
26 Oktober 1988
Kennissgewing No 185/1988

CK STEYN
Stadsklerk

TOWN COUNCIL OF VEREENIGING

DETERMINATION OF TARIFFS IN TERMS OF THE DRAINAGE BY-LAWS

In accordance with section 80B(8) of the Local Government Ordinance, 1939, it is hereby notified that the Town Council of Vereeniging has, by special resolution dated 25 August 1988, determined the tariffs in terms of the Drainage By-Laws, as set out in the schedule below, with effect from 1 September 1988.

SCHEDULE

Disposal and treatment of chemical toilet waste: R2 per kl.

CK STEYN
Town Clerk

Municipal Offices
P O Box 35
Vereeniging
26 October 1988
Notice No 185/1988

2563—26

TOWN COUNCIL OF WITBANK

AMENDMENT TO ELECTRICITY TARIFFS

Notice is hereby given that the Town Council of Witbank intends to amend the Electricity Tariffs in terms of section 80B of the Local Government Ordinance, 1939, with effect from 1 October 1988.

The general purpose of the amendment is to include S.A. Cyanamid as electricity user in the electricity network of the Council.

Copies of the proposed tariffs will be open for inspection during normal office hours at the office of the Town Secretary, Administrative Centre, Witbank, for a period of fourteen days from date of this notice.

Any person who desires to record his objection against the proposed tariffs must do so in writing to the undersigned within fourteen days from publication of this notice.

J D B STEYN
Town Clerk

Administrative Centre
P O Box 3
Witbank
1035
26 October 1988
Notice No 130/1988

STADSRAAD VAN WITBANK

WYSIGING VAN ELEKTRISITEITSTARIEWE

Kennis geskied hiermee dat die Stadsraad van Witbank van voorneme is om ingevolge artikel 80B van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die Elektrisiteitstariewe met ingang 1 Oktober 1988 te wysig.

Die doel hiervan is om S. A. Cyanamid as verbruiker by die elektrisiteitnetwerk van die Stadsraad te kan aansluit.

Afskrifte van die voorgestelde tariewe sal ter insae wees gedurende gewone kantoorure by die Kantoor van die Stadsekretaris, Administratiewe Sentrum, Witbank, vir 'n tydperk van veertien dae vanaf datum van hierdie kennisgewing.

Enige persoon wat beswaar teen die voorgestelde tariewe wil aanteken, moet skriftelik sodanige beswaar binne veertien dae vanaf datum

van publikasie hiervan by die ondergetekende indien.

J D B STEYN
Stadsklerk

Administratiewe Sentrum
Posbus 3
Witbank
1035
26 Oktober 1988
Kennisgewing No 130/1988

2564—26

DORPSRAAD VAN MACHADODORP

AANNAME VAN STANDAARD VERKEERSVERORDENINGE

Die Stadsklerk van Machadodorp publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, dat die Dorpsraad van Machadodorp —

(a) met die goedkeuring van die Administrateur die Standaard Verkeersverordeninge afgekondig by Administrateurskennisgewing 773 van 6 Julie 1988 ingevolge artikel 96bis(2) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, sonder wysiging aangeneem het as verordeninge wat deur genoemde Raad opgestel is;

(b) die onderstaande Tarief van Gelde as 'n Bylae by genoemde verordeninge vasgestel het; en

(c) die Verkeersbijkwette van die Munisipaliteit Machadodorp afgekondig by Administrateurskennisgewing 48 van 2 Februarie 1917, soos gewysig herroep.

"BYLAE

TARIEF VAN GELDE

1. Openbare Motorvoertuiglisensies:

(1) Huurmotors, Kombi's of Minibusse:

R40 per voertuig met 'n addisionele heffing van R2 per passasier soos omskryf in die Geskiktheidssertifikaat.

(2) Openbare Busse (Skoolbusse uitgesluit):

R40 per voertuig met 'n addisionele heffing van R2 per passasier soos omskryf in die Geskiktheidssertifikaat.

(3) Vragmotorvoertuie:

R40 per voertuig met 'n addisionele heffing van R10 per ton bo 3 500 kg bruto voertuigmasa soos deur die Geskiktheidssertifikaat omskryf met 'n minimum van R10 per voertuig met 'n addisionele heffing van R1 per 1 ton bo 3 500 kg bruto voertuigmasa soos deur die Raad per besluit bepaal tydens Begroting vir die daaropvolgende jaar.

(4) Openbare motorvoertuig lisensies sal vanaf 1 Januarie tot 31 Desember van enige jaar geldig wees.

(5) Indien 'n lisensie vir 'n openbare motorvoertuig vir die eerste keer na 1 Julie van enige jaar uitgeneem word sal die pro rata bedrag ten opsigte van die voertuig R20 wees en die heffing per passasier R1 per persoon.

2. Begeleidings van Voertuie met Abnormale Vragte:

(1) R20 per uur per beampte vir die eerste uur of gedeelte van 'n uur.

(2) Vir enige tydperk na die eerste uur R5 per kwartuur of gedeelte daarvan per beampte.

3. Staankplekke vir Huurmotors en Minibusse:

Die Dorpsraad van Machadodorp bepaal dat die volgende plekke bepaal word as standplase vanwaar huurmotors en minibusse mag opereer en verder dat geen huurmotors of minibusse

vanaf enige ander standplaas of plek mag opereer nie:

(1) Oos van Voortrekkerstraat: Reg teenoor Paul Krugerstraat-aansluiting dus reg wes van die Stasie-geboue.

(2) Stilhouplekke:

Soos deur die Raad van tyd tot tyd per besluit bepaal.

(3) Roetes:

Soos deur die Raad van tyd tot tyd per besluit bepaal.

4. Lisensiegelde Betaalbaar ten Opsigte van ander Voertuie en Fietse.

(1) Vir elke voertuig wat nie deur meganiese krag voortbeweeg word nie per wiel per jaar: R2.

(2) Vir elke fiets per jaar: R2.

5. Aanspreeklikheidsdatum.

Alle gelde is betaalbaar op of voor 31 Januarie van elke kalenderjaar."

E H VAN PLETSEN
Stadsklerk

Munisipale Kantore
Posbus 9
Machadodorp
1170
26 Oktober 1988
Kennisgewing No 14/1988

VILLAGE COUNCIL OF MACHADODORP

ADOPTION OF STANDARD TRAFFIC BY-LAWS

The Town Clerk of Machadodorp hereby in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes that the Village Council of Machadodorp has —

(a) with the approval of the Administrator adopted the terms of section 96bis(2) of the Local Government Ordinance, 1939, the Standard Traffic By-laws published under Administrator's Notice 773 dated 6 July 1977 without amendment as by-laws made by the said Council;

(b) determined the Tariff of Charges set out below as a Schedule to the said by-laws; and

(c) repealed the Traffic By-laws of the Machadodorp Municipality published under Administrator's Notice 48 dated 2 February 1917 as amended.

"SCHEDULE

TARIFF OF CHARGES

1. Public Motor Vehicle Licences:

(1) Taxis, Kombis or Minibusses:

R40 per vehicle with an additional levy of R2 per passenger as prescribed in the Certificate of Fitness.

(2) Public Buses (Schoolbuses excluded):

R40 per vehicle with an additional levy of R2 per passenger as prescribed in the Certificate of Fitness.

(3) Goods Vehicles:

R40 per vehicle with an additional levy of R10 per ton above 3 500 kg gross vehicle mass as prescribed by the Certificate of Fitness with a minimum of R10 per vehicle with an additional levy of R1 per ton above 3 500 kg gross vehicle mass

as determined by Council's resolution during Estimates for the following year.

(4) Public motor vehicle licences shall be valid for any year from 1 January to 31 December.

(5) Should a licence for a public motor vehicle be obtained for the first time after 1 July in any year the pro rata amount in respect of the vehicle shall be R20 and the levy R1 per passenger.

2. Escorts of Vehicles with Abnormal Loads:

(1) R20 per hour per official for the first hour or part of an hour.

(2) For any period after the first hour R5 per quarter hour or part thereof per official.

3. Ranks for Taxis and Minibusses:

The Village Council of Machadodorp determines that the following places be allocated as stands from where taxis or minibusses may operate and further that no taxis or minibusses may operate from any other stand or place:

(1) East of Voortrekker Street: Right opposite Paul Kruger Street intersection therefor directly west of the station buildings.

(2) Stopping points:

As per Council's resolution taken from time to time.

(3) Routes:

As per Council's resolution taken from time to time.

4. Licence Fees Payable in Respect of Other Vehicles and Cycles.

(1) For every vehicle which is not propelled by mechanical power per wheel per year: R2.

(2) For every cycle per year: R2.

5. Due Date.

All moneys shall be payable on or before 31 January of each calendar year."

E H VAN PLETSEN
Town Clerk

Municipal Offices
PO Box 9
Machadodorp
1170
26 October 1988
Notice No 14/1988

2565—26

DORPSRAAD VAN MACHADODORP

VERORDENINGE VIR DIE BEHEER OOR VISVANG IN WATER ONDER BEHEER VAN DIE RAAD

Die Stadsklerk van Machadodorp publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur die Administrateur goedgekeur is.

Woordomskrywing

1. In hierdie verordeninge, tensy die sinsverband anders aandui, beteken —

"inspekteur" enige lid van die Raad, die Stadsklerk of enige ander persoon wat ingevolge 'n besluit van die Raad skriftelik aangestel is as 'n inspekteur van visserij onder beheer van die Raad;

"permit" 'n permit deur die Raad uitgereik teen betaling van die gelde in die Bylae hierby voorgeskryf, ingevolge waarvan die houer daarvan geregtig is om slegs in die water onder be-

heer van die Raad, waar dit aldus toegelaat word, te hengel;

"Raad" die Dorpsraad van Machadodorp, die Raad se Bestuurskomitee wat handel kragtens die bevoegdhede wat ingevolge die bepalings van artikel 58 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur (Administrasie en Verkiezings), 1960, aan hom gedelegeer is, en enige beamppte aan wie dié Komitee ingevolge die bepalings van subartikel (3) van genoemde artikel op gesag van die Raad, die bevoegdhede, funksies en pligte wat ten opsigte van hierdie verordeninge by die Raad berus, kan delegeer, en dit inderdaad gedelegeer het;

en enige ander woord of uitdrukking waarvan 'n betekenis in die Ordonnansie op Natuurbe-waring, 1983 (Ordonnansie 12 van 1983) geheg is, het daardie betekenis.

Bestek van Verordeninge

2. Hierdie verordeninge is onderworpe aan en ter aanvulling van die bepalings van die Ordonnansie op Natuurbe-waring, 1983, en die Regulasies daarkragtens uitgevaardig.

Permitte

3.(1) Niemand mag in forelwaters onder be-heer van die Raad hengel nie, tensy hy 'n permit verkry het en dan slegs gedurende die seisoen soos bepaal in die Ordonnansie op Natuurbe-waring, 1983, en die Regulasies daarkragtens uitgevaardig.

(2) 'n Permit —

(a) word slegs uitgereik nadat 'n Provinsiale li-sensie verkry is;

(b) word uitgereik deur die Stadsklerk of enige ander persoon wat skriftelik deur die Raad daartoe gemagtig is;

(c) is nie oordraagbaar nie en word alleen vir een stok en lyn uitgereik;

(d) wat aan enige persoon uitgereik is, kan deur die Raad ingetrek en gekanselleer word indien sodanige persoon skuldig bevind word aan 'n oortreding van enige bepaling van hierdie verordeninge.

(3) Die Raad kan weier om 'n permit aan enige persoon uit te reik sonder opgawe van redes en sy beslissing is finaal.

Bevoegdhede van Inspekteur

4. 'n Inspekteur het die volgende bevoegd-hede binne die gebied waaroor hy aangestel is:

(a) Indien hy rede het om te vermoed dat iemand enige bepalings van hierdie verorde-ninge oortree, moet hy van so 'n persoon vereis om sy naam en adres te verstrek en sy permit te toon.

(b) Om enige aas, lokaas, net, visgereedskap of toestel om vis mee te vang of te vernietig, wat in besit of onder die beheer is van enigiemand wat visvang, te inspekteer.

(c) Enige ondersoek onderneem wat hy nodig ag om vas te stel of die bepalings van hierdie verordeninge nagekom word.

Hengel

5.(1) Niemand mag in forelwaters onder be-heer van die Raad hengel nie anders as met stok, lyn en nie-ronddraaiende kunsvlieë wat aan 'n enkelhoek hoogstens 2/0 groot, bevestig is wat altesaam hoogstens 40 mm lank is: Met dien ver-stande dat niemand 'n vaste spoelkatrol mag ge-bruik nie.

(2) Niemand mag meer as agt visse per dag vang nie.

(3) Niemand mag in water onder beheer van die Raad vroeër as 'n halfuur voor sonop of later as 'n halfuur na sononder hengel nie.

Verbode Handeling

6. Niemand mag —

(a) Enige forel lewendig in enige bewaarnet of ander houer hou nie en moet onmiddellik enige forel van die voorgeskrewe lengte, wat hy ge-vang het, van kant maak, indien die vangs behou word;

(b) versuim om in die register wat vir die doel gehou word, besonderhede van enige forel wat hy gevang het, aan te teken nie;

(c) nader aan die Raad se dam of waters kam-peer of parkeer as die aangewese plek nie;

(d) enige hond toelaat om 'n hengelaar te ver-gesel nie;

(e) jag of skiet van enige aard;

(f) enige skade veroorsaak of inmeng met oeste, heinings of eiendom van die oewereienaar nie, of enige hekke ooplaai nie;

(g) vis, met die doel om 'n vangs terug te plaas, of vis onder die voorgeskrewe lengte, an-ders as met nat hande hanteer of die kiewe daar-van beskadig nie;

(h) nalaat om siek of dooie vis in of langs waters te rapporteer nie;

(i) enige vuur op enige rivieroewer maak nie, uitgesonderd op die aangewese plekke;

(j) toelaat dat kinders onder 16 jaar hengel sonder toesig van 'n volwassene.

Algemeen

7. Geen boot of motorboot word op water on-der beheer van die Raad toegelaat nie.

8. Enige persoon wat in die omgewing van vis-water wat onder beheer van die Raad is, aange-tref word, hetsy hy besig is om te hengel al dan nie, moet op versoek sy volle naam en adres aan 'n inspekteur verstrek.

9. Enige persoon of hengelaar vrywaar die Raad van enige skade wat hy mag ly of veroor-saak tydens sy besoek aan waters onder beheer van die Raad.

Strafbepaling

10. Enige persoon wat skuldig bevind word aan 'n oortreding van enige bepaling van hierdie verordeninge is strafbaar met 'n boete van hoogstens R100 of, by wanbetaling, met ge-vangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maan-de.

BYLAE

TARIEF VAN GELDE

1. Hengelpermit:

(1) Plaaslike hengelaars, per seisoen:

(a) Volwassene: R20.

(b) Onder 16 jaar: R12.

(c) Onder 10 jaar: R6.

(2) Besoekers:

(a) Per seisoen:

(i) Volwassene: R100.

(ii) Onder 16 jaar: R50.

(iii) Onder 10 jaar: R30.

(b) Ander: Per persoon:

(i) Per halfdag: R7.

(ii) Per dag: R10.

(iii) Per naweek: R20.

2. Kampeer:

(1) Per staanplek, per dag: R6.

(2) Per persoon, per dag: R1.

3. Karavaanstaanplekke:

(1) Per nag: R12.

(2) Per nag vir elke elektriese voorsienings-punt: R2.

4. Brandhout:

Per bondel: Soos van tyd tot tyd per Raads-besluit bepaal.

E H VAN PLETZEN
Stadsklerk

Munisipale Kantore
Posbus 9
Machadodorp
1170
26 Oktober 1988
Kennisgewing No 10/1988

VILLAGE COUNCIL OF MACHADODORP

BY-LAWS REGULATING THE CONTROL OF FISHING IN WATERS UNDER THE CONTROL OF THE COUNCIL

The Town Clerk of Machadodorp hereby in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by the Administrator.

Definitions

1. In these by-laws, unless the context other-wise indicates —

"Council" means the Village Council of Ma-chadodorp, the Council's Management Commit-tee, acting under the powers delegated to it in terms of the provisions of section 58 of the Local Government (Administration and Elections) Ordinance, 1960, and any officer to whom that Committee has been empowered by the Council in terms of the provisions of subsection (3) of the said section to delegate and has in fact delegated the powers, functions and duties vesting in the Council in relation to these by-laws;

"inspector" means any member of the Coun-cil, the Town Clerk or any other person appoint-ed in writing in terms of a resolution of the Council to be an inspector of fisheries under the control of the Council;

"permit" means a permit issued by the Coun-cil upon payment of the charges prescribed in the Schedule hereto, entitling the holder thereof to angle only in the waters under the control of the Council, where it is thus allowed;

and any other word or expression to which a meaning has been assigned in the Nature Con-servation Ordinance, 1983, shall bear that mean-ing.

Scope of By-laws

2. These by-laws shall be subject and supple-mentary to the provisions of the Nature Conser-vation Ordinance, 1983 (Ordinance 12 of 1983), and the Regulations framed thereunder.

Permits

3.(1) No person shall angle in trout waters under the control of the Council unless he has obtained a permit and then only during the sea-son as laid down in the Nature Conservation Or-dinance, 1983, and the Regulations framed thereunder.

(2) A permit —

(a) shall be issued only after a Provincial li-cence has been obtained;

(b) shall be issued by the Town Clerk or any other person authorized thereto in writing by the Council;

(c) shall not be transferable and shall cover one rod and line only;

(d) issued to any person may be withdrawn and cancelled by the Council if such person is found guilty of a contravention of any of the provisions of these by-laws.

(3) The Council may refuse to issue a permit to any person without furnishing reasons therefor, and its decision shall be final.

Powers of Inspector

4. An inspector shall have the following powers within the area for which he has been appointed:

(a) If he has reason to suspect any person of contravening any provision of these by-laws, he shall require such person to furnish his name and address and to produce his permit.

(b) To inspect any bait, decoy, net, fishing tackle or any contrivance for catching or destroying fish which may be in the possession of or under the control of any person catching fish.

(c) To carry out any investigation which he may deem necessary to establish whether the provisions of these by-laws are being complied with.

Angling

5.(1) No person shall angle for trout in waters under the control of the Council in any other way than by rod, line and artificial non-spinning flies, each on a single hook of a size not exceeding 2/0 and having a total length not exceeding 40 mm: Provided that no person shall use a fixed-spool reel.

(2) No person shall catch more than eight fish on any one day.

(3) No person shall angle in waters under the control of the Council earlier than half an hour before sunrise or later than half an hour after sunset.

Prohibited Acts

6. No person shall —

(a) keep alive any trout in any keepnet or other container, but shall immediately kill any trout of the prescribed length caught by him, if the catch is retained;

(b) fail to enter in the register kept for that purpose, particulars of any trout caught by him;

(c) camp or park nearer to the Council's dam or waters than the indicated spot;

(d) allow a dog to accompany any angler;

(e) do any hunting or shooting of whatever kind;

(f) cause any damage to, or interfere with crops, fences or property of the riparian owner, or leave any gates open;

(g) handle fish, with the purpose of returning a catch, or fish under the prescribed length, with dry hands or harm the gills thereof any way;

(h) fail to report sick or diseased fish in or alongside the waters;

(i) make any fire on any river-bank, except on the indicated spots;

(j) allow children under 16 years to angle without the supervision of an adult.

General

7. No boats or motorboats shall be permitted on water under the control of the Council.

8. Any person found in the vicinity of fishing waters under the control of the Council, whether or not he is engaged in angling, shall upon request furnish his full name and address to an inspector.

9. Any person or angler shall safeguard the Council against any damage that he may suffer or cause during his visit to waters under the control of the Council.

Penalty Clause

10. Any person found guilty of a contravention of any provision of these by-laws, shall be liable to a fine not exceeding R100 or, in default of payment, to imprisonment for a period not exceeding six months.

SCHEDULE TARIFF OF CHARGES

1. Permit for Angling:

(1) Local anglers, per season:

(a) Adult: R20.

(b) Under 16 years: R12.

(c) Under 10 years: R6.

(2) Visitors:

(a) Per season:

(i) Adult: R100.

(ii) Under 16 years: R50.

(iii) Under 10 years: R30.

(b) Other: Per Person:

(i) Per half-day: R7.

(ii) Per day: R10.

(iii) Per week-end: R20.

2. Camping:

(1) Per site, per day: R6.

(2) Per person, per day: R1.

3. Caravan Sites:

(1) Per night: R12.

(2) Per night for each electricity supply point: R2.

4. Firewood:

Per bundle: As determined from time to time by Council Resolution.

E H VAN PLETZEN
Town Clerk

Municipal Offices
PO Box 9
Machadodorp
1170
26 October 1988
Notice No 10/1988

2566—26

DORPSRAAD VAN OTTOSDAL

VASSTELLING VAN GELDE VIR DIE LEWERING VAN ELEKTRISITEIT

Ingevolge artikel 80B(8) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, word hierby bekend gemaak dat die Dorpsraad van Ottosdal by Speciale Besluit die gelde vir die lewering van elektrisiteit, soos in onderstaande Bylae uiteengesit, met ingang van 26 Februarie 1988, vasgestel het.

BYLAE

TARIEF VAN GELDE

1. Woordomskeying

Vir die toepassing van hierdie tarief, tensy die sinsverband anders aandui, beteken —

“grootmaatvoorsiening” ’n elektrisiteitstoever aan ’n verbruiker wat onderneem om ’n

ooreenkoms met die Raad aan te gaan om ’n toevoer te neem vir ’n tydperk van nie minder nie as drie jaar, en wie se vereistes ’n maandelikse maksimum van nie minder nie as 50 kV.A beloop;

“maand” ’n kalendermaand, of in die alternatief die tydperk tussen opeenvolgende aflesings van die meters wat gebruik word om die hoeveelheid van verbruikerskoers van elektrisiteit te meet, mits die tydperk nie met meer as 5 dae van 30 dae verskil nie;

“verordeninge” die Elektrisiteitsverordeninge deur die Raad aangeneem by Administrateurskennisgewing 2283 van 20 Desember 1972.

2. Basiese Heffing

’n Basiese heffing van R10 per maand word gehef per erf, standplaas, perseel of ander terrein, met of sonder verbeterings, uitgesonderd erwe wat die eiendom van die Raad is, wat by die hooftoevoerleiding aangesluit is of, na die mening van die Raad, daarby aangesluit kan word, of elektrisiteit verbruik word al dan nie: Met dien verstande dat waar enige erf, standplaas, perseel of ander terrein okkipeer word deur meer as een verbruiker aan wie die Raad elektrisiteit verskaf, die basiese heffing deur elke sodanige verbruiker betaal word.

3. Huishoudelike Verbruikers

(1) Hierdie tarief is van toepassing ten opsigte van elektrisiteit gelewer aan die volgende:

(a) Private woonhuise.

(b) Woonstelle of huurkamers.

(c) Woonklubs.

(d) ’n Tehuis van ’n liefdadigheidsinrigting.

(e) Kerke en Kerksele.

(2) Die volgende gelde is betaalbaar, per maand of gedeelte daarvan:

(a) Diensheffing, of elektrisiteit verbruik word al dan nie: R6.

(b) Verbruiksheffing, per kW.h: 7,5c.

(c) Die minimum maandelikse betaling ingevolge hierdie item is die diensheffing plus R4, of krag ter waarde hiervan verbruik word al dan nie.

4. Sake, Handels-, Nywerheids- en Grootmaatverbruikers

(1) Hierdie tarief is van toepassing ten opsigte van elektrisiteit gelewer aan die volgende:

(a) Banke.

(b) Winkels.

(c) Kantore.

(d) Advertensietekens.

(e) Winkelvensters.

(f) Magasyns.

(g) Pakhuise.

(h) Gelisensieerde hotelle.

(i) Koshuise.

(j) Teekamers, kafees of restaurants.

(k) Sale.

(l) Sosiale-, Atletiek- en Sportklubs.

(m) Kinderbewaarthuise en Kinderbewaarthuise-Cum-Kleuterskole.

(n) Hospitale.

(o) Skole en skoolkoshuise.

(p) Losieshuise en private hotelle.

(q) Nywerheidspersele.

(r) Olie- en brandstofberging by grootmaat en ghanteringsdepots.

(s) Landboutentoonstellingsterrein.

(t) Enige ander verbruiker nie onder items 3, 5, 6, 8, 9 en 10 genoem nie.

(2) Die volgende gelde is betaalbaar per maand of gedeelte daarvan:

(a) Diensheffing, of elektrisiteit verbruik word al dan nie: R20.

(b) Verbruiksheffing, per kW.h: 13c.

(c) Die minimum maandelikse betaling ingevolge hierdie item is die diensheffing plus R5, of krag ter waarde hiervan verbruik word al dan nie.

5. Ottosdal Verpleeginrigting

Die volgende gelde is betaalbaar, per maand of gedeelte daarvan:

(a) Diensheffing, of elektrisiteit verbruik word al dan nie: R10.

(b) Verbruiksheffing, per kW.h: 7,5c.

(c) Die minimum maandelikse betaling ingevolge hierdie item is die diensheffing plus R6, of krag ter waarde hiervan verbruik word al dan nie.

6. Industriële Laagspanningverbruikers

(1) Hierdie tarief is van toepassing ten opsigte van elektrisiteit gelewer aan persele wat gedek word deur die woordomskeuring van 'n "fabriek" vervat in regulasie 1 afgekondig onder die Wet op Masjinerie en Beroepsveiligheid, 1983 (Wet 6 van 1983), wat oor 'n driefasige aansluiting beskik maar wat masjinerie of apparaat gebruik wat slegs aan twee fases gekoppel is.

(2) Die volgende gelde is betaalbaar per maand of gedeelte daarvan:

(a) Diensheffing, of elektrisiteit verbruik word al dan nie, per aansluitingspunt: R45.

(b) Maandelikse aanvraaggeld per ampère van maksimum aanvraag geregistreer gedurende tussenpose tussen opeenvolgende aflesings van die aanvraagmeter(s) en pro rata vir sodanige gedeelte van 'n ampère gebaseer op 'n 30 minute-tydtussenpose van die aanvraagmeter(s): R1,30.

(c) Verbruiksheffing, per kW.h: 11,45c.

(d) Die minimum maandelikse betaling ingevolge hierdie item is die diensheffing plus R4, of krag ter waarde hiervan verbruik word al dan nie.

7. Munisipale Departemente

Word teen koste gehêf.

8. Grootmaatverbruikers

